



Rina Sherman tydens 'n "ondjongo"-dansspel in Etanga saam met haar twee boesemvriendinne, Kakaendona Tjambiru, die hoofman se jongste dogter (links), en in die agtergrond haar ouer suster, Kapandi.

# Die geskenk van liefde

**R**ina Sherman, 'n filmmaker, etnograaf en skrywer, is die soort Afrikaner waarmee ek maklik oor die weg kom: vrysinnig, skerp en op-die-saak-af, ingelig, wêrelds en nie politiek korrek nie.

Eintlik is sy lank nie meer net 'n Afrikaner nie, want sy woon sedert 1984 in Parys – Rina praat van “my ballingskap” – waar sy onder die filmmaker en regisseur Jean Rouch haar doktoraat by die Sorbonne-universiteit voltooi het. As Franse burger kon Rina in 1996 die beurs Villa Medici Hors les Murs ontvang wat haar in staat gestel het om haar navorsingsprojekte in Suider-Afrika aan te pak.

Ek het Rina onlangs op die France 24-televisiekanaal dopgehou in 'n program oor wie verantwoordelik was vir die dood van die sewe Christelike monnike in Algerië in 1996.

Tibherine is 'n klooster van die Trappiste Orde in die afgeleë Atlas-gebergte ongeveer 90 km suid van Algiers, die hoofstad van Algerië. In Mei 1996 is die grusame ontdekking van die afgekapte koppe van sewe van die monnike gemaak. Die amptelike verklaring was dat dit die vuil werk is van die GIA, die Franse akronoom vir die Beleëde Islamitiese Mag wat sedert 1992 'n stryd teen die regering van Algiers voer. Maar linksgesinde



**Brouhaha**

(Kommosies oor mense, kultuur en Afrikaners-in-diaspora)

EBEN VENTER

groepe in Frankryk wil dit ten alle koste anders hê.

**EBEN VENTER:** Hoe het jy so direk by die dood van die Tibherynse monnike betrokke geraak?

**RINA SHERMAN:** Op die vooraand van my terugkeer na Parys ná sewe jaar by die Ovahimba in Noordwes-Namibië, het my lewensmaat, Didier Contant, van die vyfde vloer van 'n gebou geval. Hy was op die punt om sy derde ondersoek oor die dood van die Tibherynse monnike te publiseer en het 'n paar dae tevore ná 'n maand lange navorsingsreis in Algerië na Parys teruggekeer.

In sy vorige artikels het Didier reeds uitvoerig verduidelik oor hoe die GIA-groepe verantwoordelik was vir die ontvoering en moord van die monnike. Daar is egter 'n seksie van die Franse linksgesindes wat jare al probeer voorgee die monnike is deur die

Algerynse weermag vermoor. Hulle het snuf in die neus gekry dat Didier in sy volgende artikel een van hul hoofgetuies, 'n voormalige lid van die Algerynse weermag, as 'n kleinskaalse misdadiger sou ontbloot.

Om te verhoed dat hy sy artikel publiseer en dus hul hele lobby, waaronder vooraanstaande lede van die pers, menseregte-organisasies en hul regspanne, bykom, het een van hul joernaliste van Canal+, Jean-Baptiste Rivoire, 'n lasterveldtog teen hom begin. Redaksies met wie laasgenoemde gewerk het, is die vals inligting gevoer dat Didier glo vir die Algerynse geheime dienste sou gewerk het. Geen joernalis aan wie dié leuens deurgegee is, het dit egter nagegaan nie.

Geen koerant wou meer aan Didier raak nie. 'n Joernalis wat vuil werk vir geheime dienste doen, is professioneel van die baan. Didier het alles in sy vermoë gedoen om die lastersaak tot 'n einde te bring, maar die gerug het soos 'n veldbrand versprei. Vyf dae later het hy hom doodgeval.

Ek het daarna 'n teen-ondersoek van 18 maande onderneem en ná vyf jaar se *struggle*, wat onder meer die skryf van my boek, *Le huitième mort de Tibherine* (Die agtste moord van die Tibheryne) behels het, is Rivoire onlangs vir voorbedagte, moedswillige geweld voor die Franse

hooggeregshof aangekla. Die verhoor vind op 1 Oktober plaas in die hooggeregshof in Parys.

**EV:** Watter soort mens was Didier? Wat was dit wat jou tot hom aangetrek het?

**RS:** Didier was die voormalige hoofredakteur van die Gamma Nuusagentskap in Parys en 'n talentvolle en gesoute joernalis. Sy uitgangspunt was dat 'n mens nooit seker van enigiets kon wees nie. Ek het hom ontmoet toe hy 'n reeks portrette oor Franse vroue in Namibië kom doen het. Dit was in Etanga waar ek toe besig was om onder die Ovahimba navorsing te doen. Hy het die heelyd vir my gevra of ek seker was van my feite, ofskoon ek toe al 5 jaar daar besig was. Sy gees, geïnteresseerd en ondersoekend, en sy gemaklike omgang met enigiemand op enige vlak was van die eienskappe in hom waarvan ek gehou het.

Hy was 'n snaakse mens met 'n sterk en positiewe energie.

Dit is deels aan hom te danke dat ek die laaste jaar van my werk onder die Ovahimba in Angola kon deurbring, waar die helfte van dié mense woon. Hy het sonder moeite aangepas by my antropologiese navorsingslewe en maande lank in en uit 'n 4x4 gelewe.

Ek was nog altyd aangetrokke tot mense wat onder enige omstandighede hulself kon bly.

Didier was so 'n mens.

**EV:** Die raaiselagtige omstandighede rondom sy dood moes die verlies dubbel so swaar vir jou gemaak het. Wat bly daar nou oor? Woede of eerder 'n verbetering om reg te laat geskied en juis daarom jou boek?

**RS:** Vryheid van spraak is elke mens se reg – ook van Didier en myself. Die oomblik toe ek die doodstydning gehoor het, het ek besef dinge is nie plus nie. Daar was nie tyd vir vrae nie. Dit was 'n kwessie van staan op en loop; so bybels as wat dit mag klink.

Frankryk het 'n regstelsel en ek vra bloot dat dit toegepas word. 'n Mens het sy lewe verloor. Sy kinders word sonder 'n pa groot. Ek het van die begin af gewet Didier se dood was nie selfmoord nie. Die boek was die resultaat van my teen-ondersoek.

Om iemand aan die dood af te staan, is om 'n klein dood te sterf. 'n Mens is nooit weer dieselfde nie. Jy kom nie daaroor nie; jy leef daarmee saam. Tyd help niks nie; wonde oorleef tyd. Menige Suid-Afrikaner sal weet waarvan ek praat. Gelukkig het die Ovahimba-mense hul kultuur van die voorouers aan my oorgedra. Hulle leef op 'n alledaagse grondslag met diegene wat nie meer fisiek leef nie. So bly Didier, Jean Rouch en die hoofman van Etanga my daaglik by.

## <<14

**EV:** Voel jy sedert die skrywe van *Le huitième mort de Tibhirine* soms self dat die moontlikheid sou kon bestaan dat ook jou lewe bedreig word?

**RS:** Hoe kyk 'n mens jouself in die oog as jy nie vir jou idees en jou naastes opstaan wanneer dit nodig is nie? Ek is totaal deursigtig in my doen en late, en vra bloot om reg te laat geskied. Indien my lewe daardeur bedreig sou word, dan is dit so, maar ek glo nie.

**EV:** Jy het nog altyd uitsonderlike mense en onderwerpe as jou belangstellingsveld gekies. Jou keuse van die buitengewone het jou by jou vorige groot projek

uitgebring, naamlik jou lewe en werk saam met die Ovahimba in Noordwes-Namibië. Jou indrukwekkende foto-tekstboek, *Ma vie avec les Ovahimba (My lewe saam met die Ovahimba)* het onlangs verskyn. Wat was jou doel met hierdie lang verblyf? Was dit ten diepste 'n bewaringsprojek van 'n uitsterwende kultuur?

**RS:** My doel is om 'n so volledig moontlike multimedia dokumentasie korpus saam te stel van die Ovahimba se leef- en denkwyse. Ek het meer as 400 uur se videobeelde en duisende foto's en notas na Parys teruggebring, wat ek sedertdien besig is om te verwerk in boeke, films, fotoversamelings en webwerwe.

My verblyf van sewe jaar by

die Ovahimba was een van die grootste voorregte wat die lewe my tot dusver toegestaan het. Om die mense te leer ken en op 'n daaglikse grondslag saam met hulle te leef, deur vreugde en swaarkry, om hul taal, Otjihero, aan te leer en hul denkwyse te leer ken, het 'n geestestransformasie in my lewe teweeggebring.

Om in die skadu van 'n hut saam met die mense te sit en na hulle beskrywings te luister van hoe die witman na Afrika kom, is 'n insig wat ek wens elke Westering kan bekom. Dit is 'n kwessie van uitgangspunt; die waarheid en objektiwiteit bestaan nie.

**EV:** Jy kon dus ná soveel jaar saam met die mense in hulle

koppe kom, hulle manier van dink, hulle manier van, soos jy sê na die witmense kyk. Ek onthou hoe jy vertel het dit is moontlik om hoenders op 'n nie-numeriese manier te tel, volgens grootte, kleur, ouderdom. Etanga het vir jou die middelpunt van die aarde geword.

**RS:** Ek sou aanvanklik ses maande daar bly vir my ondersoek, maar binne weke ná my aankoms het ek besef 'n mens sou kwalik 'n oorsig van die kultuur in so 'n kort tyd kon bekom. Mettertyd het ek so betrokke geraak by die familie van die hoofman en lede van die gemeenskap dat ek bloot aangebly het. Vandag bestaan daar 'n hegte familieband tussen ons en as

daar probleme is, laat hulle my weet in Parys en dan doen ek die nodige, stuur hulp of wat ook al.

Die grootste geskenk wat die Ovahimba egter aan my gegee het, is dat hulle my geleer het om vir hulle lief te word.

### ♦ Lees volgende week verder.

♦ *Le huitième mort de Tibhirine*, Paris: Editions Tatamis, 2007 en Algiers: Editions Lazhari Labter, 2007. Die Algerynse uitgawe word in September in Arabies uitgegee.

♦ France 24-onderhoud op YouTube: <http://www.youtube.com/watch?v=9Tqig5STQDw>

♦ Webwerwe oor Sherman se werk: [www.rinasherma.com](http://www.rinasherma.com), [www.ovahimba.info](http://www.ovahimba.info), <http://8e-mort-tibhirine.blogspot.com>, [www.der.org/films/filmmakers/rina-sherman.html](http://www.der.org/films/filmmakers/rina-sherman.html)